

Inhoud Hierdie preek wys die oorsprong, inhoud en verloop van Absalom se beplande staatsgreep teen Dawid. Dit wys ook Dawid se staatsmanskap tydens hierdie staatskapingspoging en hoe God sy raadsplan om Salomo koning te maak uitvoer deur Absalom as moordenaar en anargis met sy eie geweld te vernietig. In hierdie uitleg van hierdie staatsgreep kan gelowiges ontdek hoe God voor, tydens en deur 'n staatsgreep konings aanstel wie in sy guns is en mense wat in mense se guns is met hulle eie geweld waarmee hulle na mag gryp vernietig.

Skriflesing 2 Sam. 12: 10 12, 24; 14: 28 – 33; 15: 1 – 17, 24 – 26, 30, 31. Ps. 3.

Teks Ps. 3: 6: “Ek kan gaan lê, aan die slaap raak en wakker word, want die Here onderskraag my.”

Tema Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie.

1. Ons as gemeenskap het die afgelope week vir die eerste keer in ons hele geskiedenis die eerste daadwerklike poging tot 'n staatsgreep deurleef.

Dit was wat deur die opstande en plundering vooraf beplan en berekend uitgevoer was: 'n staatsgreep

Dit is iets totaal ongekend vir ons. Daarom is ons eintlik nog in skok en besef ons nog nie regtig wat met ons gebeur het nie. Hierdie beplande, maar mislukte staatsgreep was egter so diep ingryping op ons gemeenskap dat dit die samestelling en werking van die regering en ons gemeenskapslewe vir die toekoms heeltemal verander het.

Vir ons eie gemeenskap is 'n staatsgreep 'n vreemde en onwerklike saak. Dit is egter binne die Woord van God nie 'n vreemde en ongekende saak nie. Daarom kan ons as geloofsgemeenskap met ons onbegrip hieroor in die Woord ontdek wat die werklike oorsprong, inhoud en omvang van 'n staatsgreep is. Op hierdie wyse kan ons dan in die Woord van God ontdek wie God voor, tydens en na 'n staatsgreep is, en wat doen God met staatsgrepe.

Gewoonlik preek ek vir u op die wyse dat ek vir u die inhoud van die teks uitleg en dan direk daarna die inhoud van die openbaring van God in ons eie omstandighede van toepassing probeer maak. Vandag gaan ons dit anders doen. Vandag gaan ons eers net kyk na God se bestuur van een staatsgreep in die Bybel en volgende week na ons eie omstandighede kyk.

2. Die bekendste beplande en mislukte staatsgreep in die Bybel is Dawid se seun Absalom teen die koningskap van sy eie pa Dawid s'n.

Die oorsprong, die opbou, die beplanning en afloop van hierdie berekende staatsgreep van Absalom op die regering van sy pa, koning Dawid, word beskryf in 2 Sameul 11 tot 19.

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

Die oorsaak van hierdie staatsgreep word deur 'n predikant aan Dawid so aangekondig: “Daarom sal die swaard nooit van jou huis wyk nie, omdat jy My geminag het en die vrou van Urija, die Hetiet, geneem het om jou vrou te word.” (2 Sam. 12:10)

U ken hierdie geskiedenis. Dawid staan eendag op die dak van sy paleis en sien hoe Batseba haarself staan en was. Hy begeer haar, laat haar deur 'n koninklike bevel na hom kom en het toe met haar omgang gehad. Dit terwyl haar man weg was op militêre diens. Dawid het haar swanger gemaak. Hy wou sy vaderskap met bedrog verbloem. Hiervoor laat hy toe haar man Urija op militêre verlof huis toe kom, en maak hom as koning toe dronk om met sy eie vrou Batseba omgang te hê. Urija was 'n godvresende man en het terwyl gehoorsaam dronk geword het op die koning se bevel, het nog steeds geweier om met sy eie vrou omgang te hê. Hy het homself, al was hy op pas, nog deel van sy eie manskappe se onthouding en ontbering in die oorlog gevoel het. (2 Sam.11)

Toe Dawid se bedrogspul oor sy vaderskap nie uitgewerk het nie, het Dawid aan die hoof van die weermag 'n koninklike bevel gegee dat Urija tydens 'n skermutseling deur sy eie troepe in die steek gelaat moet word om deur die vyand dood gemaak te word.

Urija se mede-soldate, sy kamerade in oorlog, moes op bevel van die koning en die weermag, vir hom 'n doodskakel skep, terwyl hy getrou veg vir sy land en koning.

Dawid het 'n getroue soldaat en toegewyde gelowige deur die magte van die staat laat vermoor, om sy eie egbrek se openbare gevolge te probeer ontduik.

3. Dit is hoekom die predikant Natan Dawid as predikant kom aanspreek en wys wat die gevolge van sy sonde is. Natan spreek nie 'n magiese vloek oor Dawid uit vir hierdie sonde nie.

Natan verkondig aan Dawid wat die gevolge van hierdie tipe sonde wat Dawid as koning gedoen het, gaan wees. Dawid het sy staatsmag as koning gebruik om moord te pleeg, net omdat hy nie met sy eie wellustigheid en egbrek in die openbaar gekonfronteer wou wees nie.

Daardeur het Dawid homself en sy hele koningshuis bokant die wet verhef – hy het die voorbeeld gestel dat jy met staatsgeweld jou eie begeertes kan bevredig omdat jy as maghebber bokant die wet verhewe is.

Hiermee het Dawid die mag van alle goddelose konings nagevolg – net die onmagtiges is aan God se wet en die wet van die land onderworpe, nie die magtiges nie. Onmagtiges moet wetsgehoorsaam doen wat hulle beveel word, maar magtiges kan enige vorm van geweld gebruik om hulle begeertes te bevredig!

Natan kondig vir Dawid aan dat hierdie eimagtigheid deur die mag van die owerheid nou deel van Dawid se hele koningskap sal word. Wat hy begin het, sal 'n patroon van regering word in sy koningshuis wees – die magtiges kan verhewe bo die wet, hul staatsposisie en staatsmag gebruik om hul eie begeertes mee te bevredig, net soos Dawid dit gedoen het.

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

4. Die eerste seun van Dawid wat sy pa se voorbeeld met Batseba navolg, was Absalom se halfbroer Amnon,

U moet gerus hierdie berig in 2 Samuel 13 gaan lees en dit met Dawid se egbreuk met Batseba vergelyk. Amnon is 'n prins en hy raak met wellus vervul vir sy eie halfsuster Tamar, Absalom se eie suster, net soos Dawid met Batseba. U moet weer gaan lees wat doen hy. Hy maak op die aanbeveling van sy vriende, asof hy siek is. Toe Dawid kom kyk wat hom makeer, het hy vir Dawid as sy pa, die koning, gevra om sy halfsuster 'n koninklike opdrag te gee om hom in sy kamer persoonlik te moet kom versorg omdat hy kamstig siek is.

Tamar kry 'n koninklike bevel om haar broer te gaan versorg, nes Batseba 'n koninklike bevel gekry het om na Dawid te gaan, en deur die mag van sy pa skep hy die geleentheid om sy eie halfsuster in sy kamer te verkrag. Met sy magsposisie as prins het daar absoluut niks met hom oor hierdie verkragting gebeur nie, net soos daar wetlik niks met Dawid as koning gebeur het nie.

Hy het die staatsmag van sy pa, 'n koninklike bevel gebruik om sy pa en suster te mislei en om sy wellus met sy halfsuster te bevredig, net soos Dawid sy staatsmag gebruik het om sy wellus met 'n ander man se vrou te bevredig.

Dié wat mag het, prinse en konings, kan en sal hulle mag gebruik om hul begeertes te bevredig, net onmagtiges moet gehoorsaam en onderdanig aan God en die land se wette wees.

5. Absalom is 'n moordenaar bo die wet verhewe, nes sy pa!

Absalom gebruik Dawid se gesag as koning om sy eie broer te vermoor, op dieselfde wyse waarop Dawid sy mag gebruik het om Urija dood te maak. Twee jaar na Amnon se verkragting van sy suster maak Absalom asof hy 'n fees hou vir die koning en al die prinse met die skeer van die skape se wol.

Dawid weier om te gaan, maar Absalom dwing Dawid om sy broer Amnon 'n koninklike bevel te gee om na die oesfees te gaan. Net soos Dawid vir Urija dronk gemaak het, maak Absalom toe sy broer tydens die fees dronk, en laat sy jong volgeling as prins, sy broer doodmaak.

Absalom het hierdie jong volgeling laat glo dat hierdie moord uit wraak is en dat omdat Absalom 'n prins is, niks met hulle sal gebeur nie. Hy stel dit só: "Val Amnon aan! Dan moet julle hom doodmaak; moenie bang wees nie. Dit is immers ek wat julle die opdrag gee. Wees dapper en sterk en wys dat julle onverskrokke manne is!" (2 Sam. 13: 28)

Absalom word moordenaar nes sy pa. Hy pleeg sy moord ook deur die gesag van sy pa. Met 'n koninklike opdrag moes Amnon na 'n doodslukval kom en deur sy mag as prins laat Absalom sy jong volgeling glo dat hulle lafhartige en verraderlike moord op 'n weerlose man, is 'n dapper en onverskrokke heldedaad wat hulle deel van die opkomende koning se mag maak. Net soos die mede-soldate van Urija se

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

verraderlike moord van 'n mede-soldaat as lojaliteit teenoor hul weermaghoof en koning uitgevoer het.

Absalom glo dat sy mag as prins en toekomstige koning hom verhef bo die regspraaklikheid van moord op sy broer. Maar Absalom is in hierdie moord ook 'n anargis. Hy vermoor die eerste troonopvolger en maak daardeur homself die toekomstige koning. Hy gryp mag deur moord!

6. Absalom vlug vir die wraak van sy pa, maar Dawid raak so obsessief oor sy seun se afwesigheid (2 Sam.14:1) , dat die hoof van die weermag, Joab, reël dat Absalom mag terug kom na Jerusalem, maar nooit “die aangesig van Dawid mag sien nie. Dit was in effek 'n vorm van huisarres gewees.

Absalom sien homself en gedra homself nie as 'n oortreder in huisarres nie. Hy gedra hom soos 'n prins in 'n magsposisie en beveel Joab as hoof van die weermag om na hom toe te kom sodat sy huisarres deur Dawid opgehef kan word. Absalom het sy pa se swakheid vir hom geken. Joab ignoreer hierdie magshouding van Absalom in huis arres met die minagting wat dit verdien.

Dan moet u kyk hoe dwing Absalom hom met geweld om na hom toe te kom. Absalom gee aan sy bediendes opdrag dat hulle Joab se koringland aan die brand moet steek. In huisarres, brand hy die lande van Joab af, sodat Joab deur hierdie daad van geweld gedwing word om aan Absalom se wil toe te gee.

Deur hierdie geweld gee Joab toe aan die eise van Absalom toe en reël hy dat teen Dawid se wil, teen die koninklike besluit, Absalom voor sy pa as koning verskyn.

En toe gebeur dit wat Absalom berekend beplan het, hy buig diep voor sy pa – en sy pa soen hom.

Versoening deur 'n buiging en 'n soen, sonder enige regspraaklikheid! Met sy vertoon van gedienstige onderdanigheid, net dit, sonder enige regspraaklikheid vir sy moord, versoen Dawid hom met Absalom met 'n soen.

Dawid doen met hierdie soen presies net wat die predikant Natan Dawid oor sy sonde met Batseba uitgewys het – hy verhef hom en sy seun bo die regspraaklikheid van die wet. Hy versoen hom met die moord van sy een seun deur 'n ander seun.

Met hierdie soen van versoening verseël Dawid die staatsgreep van Absalom op Dawid self!

7. Die optrede van Absalom na hierdie soen van versoening, is 'n ongekende magsvertoon wat Israel nog nooit gesien het nie. Hy kry 'n strydwa met perde en vyftig man wat as sy eie persoonlike weermagseenheid optree en vertoon homself só as selfaangestelde militêre leier aan die volk. (15:1) Dawid se soen van versoening maak Absalom nie 'n gehoorsame prins nie, maar 'n prins wat openlik sy eie selfopgemaakte magsposisie teenoor die mag van sy pa vertoon.

Sy volgende optrede is om die reg van die land te ondermyn.

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

Hy gaan vroeg-oggend na die stadspoort, met sy militêre magsvertoon, sy wa, perde en persoonlike lyfwag. Die stadspoort was die plek waar mense met regsake vir die koning aangemeld het. Absalom voer dan persoonlike gesprekke met mense wat vir regsake na die koning toe gekom het en maak Dawid se hele regspleging verdag. Hy stel dat hulle eise reg is maar dat hulle nie binne die regspleging aandag sal kry nie.

Terwyl hy dit doen, spreek hy net 'n versugting uit dat as hy maar tog die regter van die land kon wees, sou daar reg en geregtigheid vir die gewone mense kon gewees het.

U moet goed daarop let! Die regspleging werk reg, maar hy maak dit verdag sodat die regspleging nie kan of mag werk nie! Hy gebruik sy posisie as prins om die reg verdag te maak en homself regter te maak teenoor die reg van die land.

U moet sien hoe verseël Absalom hierdie ondermyning van die regspleging – met 'n soen, nes sy pa hom gesoen het. Hoor dit weer in vers 5: “Wanneer iemand dan naderkom om diep voor hom te buig, steek hy sy hand uit, gryp hom vas, en soen hom. In ons taal beteken dit dat hy hom omhels en soen!

Net soos Absalom diep gebuig het voor Dawid en Dawid hom toe van regspraaklikheid met 'n soen onthef het, rig Absalom mense wat diep voor hom buig om hom as selfaangestelde regter te eer op en soen hulle in 'n omhelsing van verraad teen die regspleging van die land.

Met hierdie soen demonstreer Absalom dat hy nie só eiemagtig en vreemd van die gewone mense en hul nood is soos sy pa nie. Hy is een van die gewone mense al wil hulle hom as koning en regter vereer!

Absalom skep anargie met 'n soen soos sy pa die regspleging van die land vir Absalom met 'n soen ter syde gestel het.

8. Absalom het dit vir vier lank gedoen, opstand geskep deur die regspleging van die land verdag te maak. (15: 7)

Toe organiseer en beplan Absalom die staatsgreep waaraan hy vir 4 jaar lank gewerk het.

Hy mobiliseer al die mag wat hy vir hierdie staatsgreep voorberei het, onder die skyn van godsdienstigheid. Hy vra weer sy pa se toestemming om 'n koninklike besluit te maak dat hy 'n massabyeenkoms in die stad Hebron kan hou, as 'n sogenaamde godsdienstige versoeningsgedenkdien.

Hierdie was 'n gedenkdien wat die versoening van Dawid met Absalom gevier het – dat Dawid hom met 'n soen na sy moord verwelkom het in Jerusalem (15:8) Op hierdie wyse word die staatsgreep deur die mag van die koning byeengebring – teen die koning!

Dit is die anargie!

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

Hy gee voor dat hy God met 'n offerfees wil dankie sê dat God hom weer na Jerusalem kon laat terug keer om met sy pa te versoen. Hierdie godsdienstige fees is egter net die skerm van die eiemagtigheid en geweld waarmee Absalom die land teen die koning mobiliseer met 'n staatsgreep.

Met hierdie godsdienstige rookskerm, kry Absalom dan die diepste houvas op Dawid se regering – hy ontbied Agitofel na die godsdienstige fees
In ons taal is Agitofel die hoof van die staatsveiligheid en die strateeg van staatsveiligheid. Dit beteken dat die staatsgreep nou uitgevoer word vanuit die staatsveiligheidsmagte.

Die lot van die land en die koning is deur hierdie fyn berekende staatsgreep, na jare se ondermyning van die reg van die land, volgens Absalom en sy medepligtiges verseël.

9. Hoe reageer Dawid op hierdie staatsgreep?

Dawid tree as staatsman op wat die belang van die land en mense voorop stel en nie sy eie mag nie!

Die aankondiging van die staatsgreep is dat die harte van die gewone man op straat by Absalom is. (2 Sam. 15: 13) Dit was die algemene indruk. Dit het die hele volk in paniek en angs vasgegryp.

Dawid beveilig eerste die mag van die regering deur Jerusalem te verlaat.

Dit was 'n strategiese besluit. Dawid kon nie net sommer sy weermag mobiliseer en Jerusalem as sy magsbasis teen die staatsgreep gebruik nie. U moet onthou dat Agitofel, die hoof van staatsveiligheid of die strateeg van staatsveiligheid, die diepste vertroueling van Dawid, deel van hierdie komplot was.

Dit beteken dat Dawid nie dadelik op sy eie magte kon staatmaak nie, maar eers sy mag weer moes konsolideer met mense wat hy kon vertrou wat nie heimlik deel van die staatsgreep was nie. En dit doen Dawid deur uit Jerusalem te trek sodat hy almal wat getrou en lojaal was, kon hergroepeer.

Sou Dawid summier 'n teenaanval geloods het, sou hy waarskynlik deur saboteurs in sy binnekring ondermyn gewees het.

10. Die diepte van Dawid se staatsmanskap wys in sy optrede met die priesters van die tempel.

Hulle wil saam met Dawid vlug en neem die ark van die Here in die tempel, die teken van God se teenwoordigheid by sy volk, saam met hulle. Sou Dawid hulle toegelaat het, het dit beteken dat hy met die magtigste godsdienstige simbool kon optree teen die staatsgreep. Hy kon met hierdie simbool wys God is aan die kant van Dawid en so die hele volk godsdienstig teen die staatsgreep mobiliseer.

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

U moet dan kyk na Dawid se geloofsbelydenis teenoor die priesters; “Die koning sê toe vir Sadok: “Neem die ark van God terug na die stad. As ek guns vind in die oë van die Here, sal Hy my terug laat keer en my weer die ark en sy staanplek laat sien. Maar as Hy sou sê: ‘Ek is nie tevrede met jou nie,’ wel ek is gereed: Hy kan met my doen wat goed is in sy oë.”

Dawid gebruik nie vir God of godsdiens om sy optrede teen die staatsgreep te regverdig of ondersteuning by die gelowiges te kry nie. Hy aanvaar die volmag van God dat God konings aanstel en konings afsit. Hy aanvaar dat sou God hom deur ’n staatsgreep afsit, dan is dit God se raad. Meer nog, God sal tydens en na hierdie staatsgreep nog steeds God van sy kerk wees, en God sal die diens aan God laat voortgaan voor, in en deur hierdie staatsgreep.

Daarom verklaar hy dat hy God weer sal aanbid in die tempel, sou God dit beskik dat hy koning van Israel bly. God is nie die God van die staatsgreep of teen die staatsgreep nie. Hy is God wat sy wil deur alle menslike mag heen laat geskied.

Dit is wat Dawid hier bely: konings regeer deur die guns van God, nie die guns van die massa of deur hulle eie gunstigheid nie.

In en deur hierdie belydenis doen Dawid wat ’n koning wat in God glo moet doen – hy beveilig die regering en die gemeenskap teen die staatsgreep.

Dit is die inhoud en betekenis van Dawid se Psalm oor hierdie staatsgreep in Psalm 3: “Ek gaan lê, aan die slaap raak en wakker word, want die Here onderskraag my.” God onderskraag ons in ons diens en gehoorsaamheid, maar Hy beskik mag binne sy mag en raadsplan.

11. Wat het God met Absalom se anargie en poging tot ’n staatsgreep gemaak?

Dit word vir ons al met Salomo se geboorte gewys in 2 Sam. 12: 24 – met een kort sin: “die Here was lief vir hom”, dit is Salomo.

Die Here het Absalom se staatsgreep gebruik om hierdie moordenaar en anargis te vernietig – sodat Dawid later vir Salomo as koning kan aanwys. ’n Koning deur wie God ’n staatsbestel geskep het wat vir meer as 500 jaar lank gehou het.

Konings regeer deur die guns van God, nie die guns van die massa nie.

Kom ons oordink wat die Here me hierdie poging tot ’n staatsgreep deur Absalom gebruik het om die trauma waardeur onself is, te oordink en God se raad vir ons ook in sy Woord te vind.

Kom ons leef uit hierdie geloof en doen na hierdie mislukte staatsgreep wat Dawid ook gedoen het in hierdie geloof: ““Ek gaan lê, aan die slaap raak en wakker word, want die Here onderskraag my.” God onderskraag ons in ons diens en gehoorsaamheid, maar Hy beskik mag binne sy mag en raadsplan

Ons kan volgende week dit in die prediking saam doen.

Konings regeer deur die guns van God, nie van die massa nie

Ek wil u uitnoodig om in u stilte tyd weer hierdie hoofstukke in Samuel deur te lees – ook Ps. 3, ps. 41 en 55.